

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (15/09)

Justin Chadwick (17 April 2009)

GESEGDE VAN DIE DAG: “



Citrus Growers Association (CGA)

LEKKER STEM OP DIE 22 ste. Benut asseblief jou reg en voorreg om te stem!!!!

DEPARTEMENT VAN LANDBOU

Let asseblief daarop dat die nuwe skakel op die webtuiste vir die invoer/uitvoer programme as volg is:

- www.doa.agric.za
- Divisions
- Plant Health
- Exporting from SA
- Special export protocols/programmes/directives of
- Phytosanitary registration for special export markets of
- Producers database for special export markets

Produsente wat graag hul status van registrasie aangaande die Spesiale Uitvoerprogramme wil bevestig sal hierdie skakel moet volg.

GEPAK EN VERSKEEP 2009

Die eerste 2 miljoen kartonne vir 2009 is gepak en die seisoen in nou besig om op dreef te kom noudat die feestelikhede van Paasfees verby is. Die meeste hiervan is suurlemoene (963 000 kartonne en Satsumas (828 537 kartonne). Die suurlemoene se kartonne is effens minder as in 2008 (soos te wagte gegewe die vuurwarm begin van die 2008 suurlemoenseisoen); terwyl die gepakte Satsuma volumes baie dieselfde is as die van 2008. Tot dusver is 312 000 kartonne pomelos geïnspekteer (215 000 daarvan is star ruby's).

Die Midde-Ooste en Verre Ooste is beide die voorkeur bestemmings vir suurlemoene (ontvang 75% van volumes teenoor 60% in 2008), hul aanwinst is ten koste van Noord-Europa se verlies (20% in 2008 vs. 5% in 2009).

Soos verwag het die meeste van die Satsumas (70%) na die VK gegaan – dit is 'n toename in vergelyking met die 57% in 2008. Daar is betekenisvol minder Satsumas na Rusland verskeep (2008 – 20%; 2009 – 5%).

NOORDELIKE HALFROND SE SEISOEN

Die jongste syfers van Spanje dui op 'n toename in verskepings na die VSA en 'n afname na Rusland. Marokkaanse syfers toon ook dat 64 000 ton sagte sitrus na Noord-Amerika gegaan het, die meerderheid (47 000 ton) is egter na Kanada gestuur. Dit is nie seker hoe dit met 2008 vergelyk omdat vergelykbare syfers nie voorsien is nie, maar dit lyk asof Noord-Amerika meer Med vrugte, as in die verlede, ontvang het.

TOEGANG VIR CHILE TOT DIE VSA

Die toegang van lemoene en pomelos van Chile na die VSA het momentum begin optel en volgens verslae kan hul eerste besendings in 2009 wees.

VERPAKKINGS DVD

Hierdie week is hoofsaaklik in Kaapstad deurgebring (geniet die laaste paar dae voor winter lyk dit!). Onder die leiding van die Sitrus Akademie en met fondse afkomstig vanaf verskeie bronne (insluitend die Na-Oes Innovasiefonds, CGA en AgriTV) is 'n reeks van DVD's opgeneem wat pakhuis praktyke, verpakking en ander na-pakhuis voorsieningsketting aktiwiteite dek. Ek is gevra om die afdeling oor die “omvang van die bedryf” wat by FPT opgeneem is, te doen – dankie aan FPT vir die gebruik van hul fasiliteite. Die projek behoort teen Oktober voltooi te wees, met DVD's beskikbaar aan die bedryf vir opleiding- en opvoedingsdoeleindes. Bykomend sal kort segmente op Agriculture Today op SABC2 uitgesaai word. Ons sal julle laat weet wanneer dit uitgesaai gaan word.

VOEDSEL EN VEEARTSENY ORGANISASIE (FVO) SE BESOEK AAN SUID-AFRIKA

Die Departement van Landbou is deur die EU in kennis gestel dat 'n FVO afvaardiging Suid-Afrika in die tweede helfte van Junie 2009 gaan besoek. Die doel is om verskeie fitosanitêre bekommernisse te ondersoek met spesiale vermelding na CBS en nie-Mediterreense vrugtevlieë. FPEF, CGA en CRI sal met die DoA vergader om vir hierdie afvaardiging se besoek te beplan.

JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS